

**STATUTÊRE KENNISGEWING AAN  
LANGTERMYNVERSEKERINGS POLISHOUERS  
BELANGRIK – LEES ASB. SORGVULDIG  
OPENBAARMAKINGS- EN ANDER REGSVEREISTES**

(Hierdie kennisgewing maak nie deel uit van die Versekeringskontrak nie.)

As 'n langtermynversekerings polishouer, of voornemende polishouer, het u die reg op die volgende inligting:

**1. Die tussenganger (versekeringsmakelaar of -verteenwoordiger) wat met u onderhandel, moet by die vroegste moontlike geleentheid die volgende openbaar maak:**

- (a) Naam, fisiese en posadres en telefoonnommer.
- (b) Regsbevoegdheid: onafhanklik of verteenwoordiger van 'n versekeraar of makelaarsfirma.
- (c) Bondige besonderhede oor tersaaklike ondervinding.
- (d) Versekeringsprodukte wat verkoop mag word.
- (e) Versekeraars wie se produkte bemark mag word.
- (f) Skadeloosstellingsversekering besit – Ja / Nee.
- (g) Aandeelbesit in versekeraars indien 10% of meer.
- (h) Naam van versekeraar van wie die tussenganger 30% of meer van sy/haar totale kommissie en vergoeding gedurende die afgelope kalenderjaar ontvang het.  
(Die tussenganger moet bewys van kontraktuele verbintenis met en akkreditering by die betrokke versekeraars kan gee.)

**2. U reg om te weet watter impak u besluit sal hê**

- (a) Die tussenganger of versekeraar wat met u onderhandel, moet u inlig omtrent:
  - Die premie wat u kan betaal.
  - Die aard en omvang van voordele wat u kan ontvang.
- (b) Indien die voordele aan die prestasie van sekere bates gekoppel is:
  - Hoeveel van die premie sal vir die voordeel aangewend word?
  - Aan watter portefeulje sal u voordele gekoppel wees?
- (c) Die moontlike impak van hierdie kooptransaksie op u finansies.
- (d) Die moontlike impak van hierdie kooptransaksie op u ander polisse (bekostigbaarheid).
- (e) Die moontlike impak van hierdie kooptransaksie op u beleggingsportefeulje (bekostigbaarheid).
- (f) Die buigzaamheid van veranderings wat u aan die voorgestelde kontrak mag maak.
- (g) Die kontrakvoorwaardes van die produk wat u wil koop.

(Dit is baie belangrik dat u baie seker is dat die produk of transaksie aan u behoeftes voldoen en dat u voel u het al die inligting wat u nodig het om 'n besluit te kan neem.)

**3. U reg wanneer u aangeraai word om 'n bestaande polis te vervang**

U mag nie aangeraai word om 'n polis te kanselleer om u in staat te stel om 'n nuwe polis te koop of 'n bestaande polis te wysig nie, tensy:

- (a) Die tussenganger die polis as 'n vervangingspolis identifiseer.
- (b) Die implikasies van kansellering van die polis aan u bekend gemaak word, soos:
  - Die invloed op u voordele onder die ou polis.
  - Die addisionele koste wat met die vervanging aangegaan word.
- (c) Die versekeraar wat die oorspronklike polis uitgereik het, sal met u in verbinding tree; u sal aangeraai word om die saak met sy verteenwoordiger te bespreek.

#### **4. U reg om deur die versekeraar ingelig te word**

Die versekeraar sal vir u dokumentasie stuur wat die polisbesonderhede bevestig, soos bespreek in paragraaf 2 van hierdie Kennisgewing, en wat sal insluit:

- (a) Die naam van die versekeraar.
  - (b) Die produk wat gekoop word.
  - (c) Die koste van die transaksie (in rand) en spesifiek:
    - (i) die beladings, indien enige;
    - (ii) die aanvangskoste; en
    - (iii) die bedrag aan kommissie en ander vergoeding wat aan die tussenganger betaal word.
  - (d) in die geval van polisse met 'n beleggingselement, die deurlopende koste en ander fooie of koste wat betaalbaar is.
- Die opsomming ooreenkomstig Artikel 48 van die Wet op Langtermynversekering, 1998.
  - Die kontaknommer en adres van die klagte- en nakomingsbeamptes van die versekeraar.

**(Die versekeraar mag bogenoemde inligting op 'n algemene grondslag bekend maak, met addisionele openbaarmaking wat spesifiek op die polishouer betrekking het.)**

#### **5. U reg om die transaksie te kanselleer**

In die meeste gevalle het u die reg om 'n polis skriftelik te kanselleer binne 30 dae na ontvangs van die opsomming (soos bedoel in Artikel 48) van die versekeraar. Dieselfde geld vir sekere veranderings wat u aan 'n polis mag aanbring. Die versekeraar is verplig om met u te bevestig of u hierdie reg het en moet aan u verduidelik hoe om dit uit te oefen. Hou asseblief in gedagte dat u nie hierdie reg mag uitoefen indien u reeds ingevolge die polis geëis het of indien die gebeurtenis waarteen die polis u verseker, reeds plaasgevind het nie. Indien die polis 'n beleggingskomponent het, sal u enige beleggingsverliese dra.

#### **6. Belangrike waarskuwing**

- Dit is baie belangrik dat u heeltemal seker is dat die produk of transaksie aan u behoeftes voldoen en dat u voel u het al die inligting wat u nodig het om 'n besluit te kan neem.
- Dit word aanbeveel dat u met die tussenganger of versekeraar gesels oor die moontlike impak van die voorgestelde transaksie op u finansies, u ander polisse of u breër beleggingsportefeulje. U moet ook vra vir inligting oor die buigzaamheid van enige voorgestelde polis.
- Waar papierwerk vereis word, is dit raadsaam om dit eers te teken nadat dit volledig ingevul is. Dit staan u vry om aantekeninge te maak oor mondelinge inligting, en vir skriftelike bevestiging of afskrifte van dokumente te vra.

- Onthou dat u met die Ombudsman vir Langtermynversekering of die Registrateur van Langtermynversekering in verbinding kan tree, wie se besonderhede hieronder uiteengesit is, as u enige kwelvrae het oor 'n produk wat aan u verkoop is of advies wat aan u gegee is.

**7. Besonderhede van Ombudsman vir Langtermynversekering**

Posbus 45007  
CLAREMONT  
7735  
Tel: (021) 674-0330  
Faks: (021) 674-0951

**8. Besonderhede van Registrateur van Langtermynversekering**

Raad op Finansiële Dienste  
Posbus 35655  
MENLO PARK  
0102  
Tel: (012) 428-8000  
Faks: (012) 347-0221

(U kan versoek word om 'n afskrif van hierdie dokument te teken.)